



## Kernwaarhede

Tydens die Meyerspark Bondsvergadering het verskeie beskrywingspunte gedien wat vir alle lidmate van besondere belang is. Die Skietlood gaan mettertyd die sake aan lesers bekendstel met die uitnodiging om deel te neem aan die gesprek en bydraes te lewer ten opsigte van sake wat bygevoeg of verwyder moet word.

Die eerste saak wat aandag gaan geniet, is die bepaling van **kernwaarhede**. Die Kuratorium het versoek dat kernsake identifiseer word sodat hulle met duidelike parameters kan werk in gesprekke met predikante en gemeentes wat by die GHG **geakkrediteer** wil word.

Streng gesproke moet ons praat van **kernmomente** in terme van **identiteit** en **geloof**. 'n Eerste uitdaging is om die mees toepaslike benaming te vind. Na insette deur lidmate en Kerkrade, sal die Kuratorium die saak weer bespreek. Die beplanning is om die kernwaarhede - na konsensus bereik is - aan alle lidmate en gemeentes te versprei.

Dit is vir die GHG van groot belang om na binne en na buite 'n eie identiteit te kan formuleer. Lidmate moet in staat wees om in gesprekke die kernverskille tussen die GHG en ander Reformatoriese kerke (met spesifieke verwysing na die NHKA) te verwoord.

In die oorweging van die saak is daar sekere sake wat ondersoek moet word. Om te weet waarheen ons op pad is, moet ons duidelikheid hê oor ons verlede.

**Historiese identifikasie:** Ons is die voortsetting van die Voortrekkerkerk, die Hervormde Kerk. Tog is ons (ten spyte

van dolering en onafhanklik-verklaring deur die gemeentes om net los van die Kommissie te wees), nie meer NHKA gemeentes nie.

Ons durf nie aanhou om ons identiteit negatief te formuleer nie.

Die pad vorentoe moet ankers en bakens hê. Die voorwaarde is dat ons koersvas in lyn met die Skrif moet bly. Ons eie identiteit moet nou positief formuleer word.

Juis daarom moet ons in selfbesinning ter wille van selfidentiteit stel wat vir ons belangrik is. Ons ontstaan en die konteks van ons stryd gaan tog ook medebepaal wat ons as belangrik stel.

Die heel eerste Christelike gemeentes se stryd (soos in die Bybel beskryf – Handeling 15) was rondom **besnydenis en die Wet**. Hierdie saak is tydens die **eerste konsilie** te Jerusalem uitgepluis. Mettertyd het ander sake meer aandag geniet. Die drie **Geloofsbelydenisse** was die kerk se antwoorde op vrae (van binne en buite) oor geloof. Hierdie teologiese ontwikkeling kan nagespeur word deur die Dogmahistorie te bestudeer.

Die Reformasie het ook die fokus van teologiese denke verskuif en in daardie tyd het drie ekumeniese **Belydenisskrifte** verskyn.

Die drastiese veranderings in ons samelewing, veral soos dit op ons moederkerk impakteer het, eis dat ons **weer moet getuig**. Ons gaan nie 'n nuwe Geloofsbelydenis of Belydenisskrif die lig laat sien nie. Ons **Staat van Belydenis** is deel van ons identiteit, maar kan nie verstaan word as

samevatting van ons denke nie. Die opstel van 'n dokument wat ons oortuigings opsom, is nodig. Ons gaan **ander sake** in die kollig stel as wat ons **voorvaders** gedoen het omdat ons in ander **omstandighede** lewe. Ons gaan dit ook anders as hulle doen, maar ons is oortuig dit is **dieselfde geloofsinhoude** wat verwoord word. Ons standpunt inneem gaan ook vreemd val op die oor van 'n samelewing wat nie enige aanspraak op objektiewe waarheid duld nie.

**Hierdie dokument stel dat ons glo dat sekere sake die waarheid is, ongeag mense se instemming of goedkeuring.**

Ons maak gebruik van die beeld van 'n punt met sirkels rondom. Hoe nader aan die middelpunt, hoe meer bindend en gesagvol die stelling. Hier word onderskei tussen **kernwaarhede, identiteitskenmerke en identiteitskonsensus** as drie konsentriese sirkels ten opsigte van self-identifisering.

### **KERNWAARHEDE:**

#### **1. Bybel is die Woord van God met ander woorde:**

- Ons glo God openbaar Homself in en deur net die Bybel.
- Die Bybel is deur God geïnspireer en dra daarom 'n gesag wat bo menslike wysigings is.
- Ons gebruik die 1933/ 1953/ 1983/ 2016 vertalings as publieketeks vir eredienste, bybelstudie en huisgodsdiens. Enige vertaling bly deels interpretasie. **Ons preek uit die grondteks.**

#### **2. Ons staan by die drie Geloofsbelydenisse en bely soos en met**

**die kerk van alle eeue, met dieselfde betekenisinhoud, met besondere klem op;**

- Werklike maagdelike verwekking.
- Fisiese opstanding van Jesus as deel van Christus se totale identifisering met ons in ons menslike toestand.
- Hemelvaart en die toekoms van die wederkoms in die toekomstige eeu.
- Kerklike eenheid as 'n saak gevind in belydenis en nie in struktuur nie.

#### **3. Die drie belydenisskrifte te wete NGB, Heidelbergse Kategismus en Dordt vorm ons belydenisgrondslag, en ons lê klem op;**

- Sonde van die mens.
- Soenoffer van Jesus aan die kruis.
- Geloofsgehoorsaamheid as vanselfsprekende plig van die mens om dankbaar te lewe - morele gehoorsaamheid aan die Wet.
- Net een geloof wat red – Geloof in Christus. Enige horisontale moralisme word verwerp.

#### **4. Staat van Belydenis as 'n aanspreek van moderne dwalinge**

Daar is sewe sake wat aangespreek word omdat hierdie sake prominent na vore tree in die teologiese dokumente van ons tyd:

- 1 Mens is geskape na die beeld van God, maar is nie 'n klein godjie nie. (God se beeld is nie in die mens nie.)
- 2 Ons staan by die Evangelie van vergifnis (vertikaal) en nie deernis (horisontaal) nie. Die horisontalisme van vandag is 'n uitsiglose moeras wat die mens in hierdie jammerdal oorrompel.
- 3 Evangelieverkondiging is die kern waaroor dit moet gaan in die kerk en

nie “sosiale geregtigheid” wat nagejaag moet word nie.

- 4 Die huwelik is deur God ingestel en daarom koester ons die lewensverbintenis deur een man en een vrou in die huwelik.
  - 5 Ons binding aan die Belydenisskrifte word gekenmerk deur die beginsel *quia* (omdat Belydenisskrifte met die Bybel ooreenstem) en nie *quatenus* nie (in soverre Belydenisskrifte met die Bybel ooreenstem).
  - 6 Net die Bybel en nie ander bronne nie – ons is oortuig dat die Bybel en geen ander apokriewe geskrif nie, die volheid van inligting vir ons saligheid verskaf – *Sola Scriptura*
  - 7 Die waarheid al is dit tot eie skade – Om die waarheid te praat is van uiterste belang in enige tydgewrig.
- 5. Ons sakramenteverstaan bind ons ook saam as Geloofsbond:**
- Ons sluit aan by die Drie Formuliere van Eenheid en stem saam met die praktiese verstaan daarvan soos verwoord in die klassieke formuliere vir Doop, Nagmaal en ander.
  - Ons staan daarop dat Formuliere onverkort voorgelees word tydens viering van sakramente.

#### **IDENTITEITSKENMERKE:**

Anders as die kernwaarhede, is identiteitskenmerke se skopus wyer. Ander faktore speel in, en gemeentes het konsensus oor hierdie sake.

- **Selfstandige gemeentes** – Ons orden onself as selfstandige gemeentes. Elke gemeente is volledig kerk.
- **Kerkordelikheid:** Ons orden sake in die gemeentes op ‘n besondere

manier. Elke gemeente aanvaar self die Kerkorde se ordereëls as ‘n eie kerkorde.

- Die gemeentes se Kerkorde word gebaseer op die beginsels van die Presbiteraal-sinodale kerkreg. Ordiansies verskil na gelang van eie omstandighede.
- Die Geloofsbond se gemeentes het almal dieselfde kerkordes, onafhanklik van mekaar, maar hierdie konsensus lei ook tot samewerking. Die onderlinge band is ondersteunend en nie voorskriftelik nie.
- Die GHG en GHG gemeentes verstaan Volkskerk as ‘n praktiese manier van Evangeliebediening. GHG is onbeskaamd **Volkskerk**.
- Dit impliseer dat ons glo elkeen hoor die Evangelie die beste in eie taal en ons **verkies** daarom **Moedertaal** kerkwees.
- **IDENTITEITSKONSENSUS:**

Gemeentes van die GHG het konsensus dat lidmate altyd tuis moet voel. Om die rede word daar met konsensus oor sekere sake gedink, gepraat en gedoen.

- **Liturgiese ordes:** Lidmate moet in enige erediens kan instap en tuis voel. Geloofseenheid kom voor in aanbiddingseenheid.
- Gemeentes het konsensus oor die **Uitgebreide liedboek** wat gebruik word in gemeentes. Die liedere se Reformatoriese kontoere is van belang.
- **Tradisie** dra ons, sonder om voor te skryf. Ons hou by die tradisie waarin ons groot geword het omdat dit sin maak.

Stuur enige raksies aan dr Otto by [j.otto@telkomsa.net](mailto:j.otto@telkomsa.net)